HOËRSKOOL STRAND

**WAAR JONG ARENDE SWEEF!**

# ARENDNUUS 4 - APRIL 2022

## HOËRSKOOL STRAND VIER SESTIGSTE BESTAANSJAAR



Hoërskool Strand het op Dinsdag, 26 April, sy 60 ste bestaansjaar met die jaarlikse koekbak ingelui. 35 registerklasse het elkeen net 'n afdruk van een legkaartstuk ontvang en moes hul verjaardagkoek hiervolgens versier. Dit het tot vele bespiegelinge oor uiteindelike legkaartkoek en heelwat prettige konsternasie gelei. Die uiteinde was 'n reuse-verjaardagkoek, wat met aansienlike verbeeldingsvermoë, amper soos die bedoelde voorstelling gelyk het. 'n Ekstra lang pouse het registerklasse die geleentheid gegee om heerlik saam aan al die koek te smul.



Die skool se verjaardag is daarna op luisterryke wyse met 'n feestelike gala-aand in die skoolsaal afgesluit. By hierdie glansgeleentheid het ons erkenning gegee aan agt van ons top wynmakers in die wynbedryf – almal natuurlik trotse oud-skoliere! Gaste is reeds in die voorportaal met 'n borrelende glasie MCC van De Grendel verwelkom. Hierna het 'n heerlike kos-en-wynproe gevolg. Die wynmakers het op kundige en vernuftige wyse die wyne by elke gereg bekendgestel. Nog 'n oudskolier, Stéphan Ulruch, 'n opgeleide sjef in fyngebak, het gesorg vir die perfekte afronding van 'n koninklike maal met sy gebakte kaaskoek.





Hoërskool Strand bring graag hulde aan die volgende oudleerders én wynmakers:
Charles Hopkins (matriek 1981) – De Grendal
Wilhelm Coetzee (matriek1985) – Durbanville Hills
Estelle Lourens (matriek 1992) – Warwick kelder
Riaan Möller (matriek 1994) – Lievland Vineyards
Gerhard Swart (matriek 1995) – Flagstone
Wim Truter (matriek 1999) – Meerlust kelder
Phillip Vercueil (matriek 2002) – De Wet Wynkelder
Donovan Ackermann (matriek 2006) – Rickety Bridge



Elke wynmaker het ook van die geleentheid gebruik gemaak om die gaste (oudleerders en ondersteuners) met staaltjies uit hul verlede te vergas. Daar is dikwels gelag oor al die onhebbelikhede uit hul hoërskooldae. Bekende en geliefde legendes, soos mnr. Piet Faassen en Kobus Wiese het verdere glans aan die geleentheid verleen.

Dankie ook aan ons gewaardeerde borge wat gehelp het om hierdie mooi aand moontlik te maak:
De Jagers Somerset-Wes
Blakes Plant and Hire
Peninsula Beverages
SPAR Goedehoop

Dankie aan elke oudleerder, ouer asook lede van die gemeenskap vir jul bydrae om hierdie aand suksesvol te maak. Erkenning word ook gegee aan ons eie personeellede en oudleerders wat as kelners opgetree het. Dit was beslis nie die laaste keer wat so 'n funksie aangebied word nie. Volgende jaar maak ons weer so!

Elke gas het 'n wynglas met ons spesiale 60-jaar logo op, as momento ontvang. Hierdie spesiale wynglase word nou ook te koop aangebied teen R600 vir 6 glase. Beskikbaar by ons bemarker, me. Anso Kemp. Kontak haar gerus per e-pos by: bemarker@hsstrand.co.za of telefonies by: 0832324863.

# KULTUUR IS IN ONS BLOED!

## SHAKESPEARE-WERKSWINKEL

- Keaton Düpper (gr. 11)

Op 12 April het die gelukkige leerders wat aan vanjaar se Shakespeare Schools Festival deelneem, die kans gekry om 'n werkswinkel by te woon. Die hoofsaaklike doel van die werkswinkel was om die leerders touwys te maak oor hul spesifieke rol binne so 'n groot toneelgeselskap. Hulle is aan tegnieke soos ritme, posisionering, toon, temas en emosionele verbintenisse bekendgestel. Die werkswinkel gaan beslis help om hierdie jaar se Shakespeare-opvoering (in Augustus) besonders te maak.

Die toneelspan van CURRO-Sitari het ook die werkswinkel bygewoon en saam met ons geleer en geoefen.

Dit is ongelooflik om te dink dat ons vierhonderd jaar later nog steeds met William Shakepeare se wonderlike teks op die verhoog woeker.





## BEKENDE SANGERES BESOEK HOËRSKOOL STRAND

Op die 20 April het die bekende Afrikaanse sangeres, Leah, ons skool besoek om die leerders aan geleenthede in die Suid-Afrikaanse filmbedryf bekend te stel. Ten spyte van die feit dat beurtkrag ons lamgelê het, het Leah luidkeels van haar bekende liedjies saam met die Arende gesing en ook mooi verduidelik hoe die voornemende sangers, akteurs en dansers oudisies kan aflê om deel te raak van Speeltoneel se filmreekse.



Baie van ons leerders het inligtingspamflette gevat en het op 30 April oudisies in Kaapstad afgelê. Ons sien daarna uit om dalk binnekort 'n paar bekende gesigte op TV te sien.

## JONG STER SING WÊRELD AAN DIE BRAND

Ons eie Arend, Saskia Mc Dilling, het die Hart van die Helderberg-sangkompertisie gewen. Sy het Saterdagaand vir die bekende Afrikaanse sangeres, Juanita du Plessis, geopen, asook 'n kontantprys en 'n professionele opname gewen.



## UNPLUGGED VIER VYFDE BESTAANSJAAR

- Vincent Kruger (gr. 12)

Op Donderdag, 28 April, het die kultuurkomitee hul jaarlikse Unplugged-aand gehou. Die aand was 'n reusesukses. Meer as 200 kaartjies is verkoop! 'n Bewys dat die Arende uitgehonger is kultuur.

Die geesdriftige gehoor is met 'n wye verskeidenheid liedere bederf - van Bok van Blerk se "Lemoene" tot Lady Gaga se "Million Reasons", van Early B se "Ben 10" tot Elevation Worship se "Graves into Gardens". Spesiale vermelding moet gemaak word van ons twee gaskunstenaars, Jeandré Rossouw en Mieke van der Merwe, (matriek 2020) asook al ons oudleerders wat die geleentheid bygewoon het.

Die aand is op 'n spesiale noot afgesluit met die sing van die skoollied ter viering van Hoërskool Strand se 60ste bestaansjaar.

Dankie aan almal wat deel van hierdie wonderlike aand was. Ons hoop om julle weer volgende jaar te sien!













# LOOPBAANEKSPO VIR GR. 8-12 LEERDERS - me. H. vd Merwe

Die tweede loopbaanekspo van die jaar het aan leerders en hul ouers die geleentheid gebied om direk met die verteenwoordigers van verskeie leerinstellings te skakel. 'n Wye verskeidenheid loopbaanopsies het die verskillende behoeftes van ons leerders aangespreek. Baie ouers het ook van hierdie geleentheid gebruik gemaak om saam met hul kinders die moontlike loopbaankeuses te verken.











# TI AMO MAAK `N VERSKIL - me. S. Van Rensburg

Ons gewone Woensdagmiddag-huiswerkklas net voor Paasnaweek, het hierdie keer 'n ander baadjie aangetrek. In samewerking met FUEL het verteenwoordigers, Carla Punt en Carla Haugton, die kinders van "Helpende Hand" weer opnuut laat nadink oor die viering van Paasfees. Daarna is almal met heerlike paaseiers bederf.

Op Vryheidsdag het 'n paar Ti amo-leerders die karwagte by Somerset Mall se dag baie spesiaal gemaak. Elkeen is met 'n gesellige kuiertjie en omgeepakkie, gevul met toebroodjies, koeldrank en ietsie soets, verras – net sodat hulle weet ons sien hulle raak en waardeer wat hulle doen.


Dankie vir elke Ti amo-leerder wat getrou die uitreike bywoon en saam ons motto uitleef: "Rise above it."











DE JAGERS
Sedert 1955
Jou eenstop mode & skooldrag voorsiener.

# GELIEFDE JUFFROU GROET NA SEWE JAAR

- Ashanté de Wit (gr. 11)



Op 30 April 2022, na sewe jaar se volgehoue toewyding, het Hoërskool Strand me. Alesia de Villers gegroet. Juffrou de Villiers het diep spore getrap in die harte van elke leerder wat sy onderrig het.

Soos 'n mens deur die lewe reis, ontmoet 'n mens dikwels mense wat 'n blywende impak op jou lewe maak. So 'n persoon is Juffrou de Villiers. Ons het nie genoeg woorde om dankie te sê vir die verskil wat sy in ons lewens gemaak het nie. Skoolhou is nie vir haar net 'n werk of middel tot 'n doel nie, dit is haar passie. Sy is onvervangbaar.

Sy is gebore in die Paarl, waar haar twee ouer broers na bewering meer geïnteresseerd was in die hospitaal se nuwe hysbak as haar geboorte.

Na skool wou sy aanvanklik verder studeer in dierrerehabilitasie aan die Universiteit van die Vrystaat, maar het van plan verander en aan CPUT in Wellington haar graad in onderwys behaal waarna sy by Hoërskool Sutherland 'n pos aanvaar het.

Vir haar is die twee grootste uitdagings in die onderwys die dissipline van leerders en die feit dat sy disleksies is. Streng dissipline is volgens haar nie 'n opsie nie, terwyl die belange van en regverdigheid teenoor haar leerders ook altyd haar prioriteit is. Sy het altyd daarna gestreef om elke Arend tot sy of haar optimale potensiaal te ontwikkel. Min was bewus van die feit dat Juffrou de Villiers disleksies is, en dit op sigself het gesorg vir uitdagings en aanpassings in 'n studieveld wat op akkuraatheid fokus.

Juffrou de Villiers het die volgende raad vir nuwe onderwysers: "Raak betrokke by die leerders en skep bande met hulle."

Hoerskool Strand se leerders groet sy met hierdie laaste boodskap: "Die lewe gaan oor verhoudings bou met die mense om jou. Kyk om jou, wie daar is, hulle is die belangrike mense in jou lewe. As jy nie tevrede is nie, is dit tyd om aan te beweeg."

Dit is só moeilik om totsiens te sê vir iemand wat in so baie leerders se harte gekruip het. Ons neem so maklik aan ons onderwysers sal maar altyd deel wees van ons daaglikse bestaan. Op 'n dag verander alles en die toekoms lyk skielik onseker. Hoërskool Hottentots Holland se wins is Hoërskool Strand se verlies.

Ons wens Juffrou net vreugde, vrede, geluk en voorspoed toe. Juffrou kan verseker wees dat Juffrou in die personeelkamer, in die klaskamer én op die sportveld gemis gaan word.







# UITRUILSKEMA MET DIE BURGERSCHOOL IN ROESELARE VIER TWINTIGSTE BESTAANSJAAR

## BELGE SE BESOEK AAN SUID-AFRIKA - Ashanté de Wit (gr. 11)



Die Belge het op Vrydag, 18 Februarie, vir 'n besoek van twee weke, op die Kaapstadse lughawe geland, waar hulle deur die twee Suid-Afrikaanse groepe, vergesel deur Juffrou Wolff en Juffrou Louw, verwelkom is.

Hulle het die toer afgeskop met 'n besoek aan Robbeneiland en die V&A Waterkant. Die ouers van Hoërskool Strand het vir die toergroep 'n Safari-ete gereël asook 'n skattejag deur Gordonsbaai.

Die Belge is vir 'n paar dae by hul gashere uitgeplaas waarna hulle na Oudtshoorn, Knysna en Mosselbaai vertrek het. Hier het hulle aan verskeie aktiwiteite, insluitend safari-ritte, deelgeneem.

Een van die Kaapse hoogtepunte vir die toerspan was 'n staptog saam met die Hoërskool Strand leerders tot op die kruin van Leeukop. Daarna het almal lekker in Clifton se seewater afgekoel. Die Belge het met die rooibus deur Kaapstad getoer en selfs branderplanklesse in die Strand gekry.

Vir die Belge is Suid-Afrika se skoonheid en groenigheid met al die berge en natuurskoon 'n belewenis en iets wat hulle nie gereeld in België ervaar nie. Baie van die leerders het Suid-Afrika toe gekom om daardie dinge te ervaar wat 'n mens nie in 'n geskiedenisklas kan leer nie. Hulle het veral uitgesien na die mense en die kultuurverskille.

Sommige van die Belge was nie so beïndruk deur die droëwors en biltong nie - die tekstuur en idee van rou vleis was vir hulle 'n vreemde ervaring. Die Safari-ritte was feitlik bo aan al die besoekers se lys. Dit was vir hulle 'n ongelooflike ervaring om so 'n verskeidenheid van diere te sien - iets wat hulle nie aan daardie kant van die wêreld ervaar nie.

## ARENDE BESOEK BELGIË - me. Lynette Wolff





Dit is reeds die twintigste jaar wat Hoërskool Strand deel is van hierdie kulturele uitreik met die Burgerschool in Roeselare, België. Dit bied elke jaar vir 12 graad 10-leerders die geleentheid om hulle horisonne te verbreed en om vriendskappe oor kontinente te smee. Die laaste twee jaar kon die twee groepe leerders wat in 2020 en 2021 gekies is om hierdie kulturele uitruilprojek tussen die twee skole mee te maak, as gevolg van die Covid-19-pandemie nie hul droom verwesenlik nie. Hulle het egter nooit moed verloor nie en bly glo en hoop dat hulle wel op die uitruilprojek na Burgerschool in Roeselare, België kan gaan.

Op 17 Januarie 2022 het hulle die groen lig gekry dat die grense oopgemaak het en dat die laaste twee jaar se groepe wel van 17 Maart tot 4 April na België kan vertrek. Een van die vereistes was dat hulle twee inentings moes kry. Niks kon hierdie ywerige leerders keer nie. Ongeveer almal was toe reeds ten volle ingeënt.



Die twee onderwysers wat hulle vergesel het, was mev. Lynette Wolff en mev. Juliana Louw. Die groep het hul oorsese reis met twee weke in België afgeskop, waar die Belge hulle met 'n ongelooflike program ingewag het. Hulle het Brussels, Brugge, Ghent, Ieper, Leuven en nog baie ander besienswaardighede in België besoek. Hulle was ook gelukkig om drie dae in Parys deur te bring, waar hulle die stad en Euro-Disney verken het. Die groep het ook die Burgerschool besoek en 'n stukkie van Suid-Afrika met hulle gedeel. Wat die program so uniek maak, is dat die leerders in die Belge se huise tuisgegaan het en daar die Belge se leef- en eetgewoontes ervaar het – iets wat die Belge as alledaags beskou.

Dit was voorwaar 'n opwindende reis met 23 baie entoesiastiese leerders. Nuwe lewenslange vriendskappe is oor twee kontinente gesmee. Ons is dankbaar dat die Covid-19-pandemie nie hierdie droom van die leerders gekelder het nie.

## SOMERSPORTTOEKENNINGSFUNKSIE

Op 14 April is daar geskiedenis gemaak met 'n gesamentlike toekenningsfunksie vir al die somersportsoorte. By hierdie geleentheid is erkenning gegee aan al die deelnemers en presteerders wat in 2022 aan atletiek, krieket, tennis, toutrek en krieket deelgeneem het. Dit was voorwaar 'n aangename ervaring om soveel deelnemers en ouers op een aand te verwelkom.

Die toppresteerders van die aand was:

Christopher Smit - atleet van die jaar (goud vir hamergooi by SA's)

Deandré Walker - krieketspeler van die jaar (o.16 Bolandspan),

Beste seuns- en dogtertennisspelers - Paul Roos, Michelle Pretorius en Aneldi Morkel.

Beste toutrekspan: 480kg-seuns (brons by WP).

Baie dankie aan ons borge, Philwest Volkswagen en King Pie, wat hierdie aand moontlik gemaak het.

## TOUTREK VIR SENIORS - me. H. vd Merwe

Die afgelope naweek het van ons huidige leerders en oudleerders aan die Prestige toutrekkompetisie deelgeneem. Hierdie deelname is slegs op uitnodiging, aangesien die SA-spanne vir 2022 na afloop van die kompetisie aangewys word. Die Protea (A)- en Gazelle (B)-spanne gaan Suid-Afrika later vanjaar in Nederland verteenwoordig en die President (C)-span gaan Suid-Afrika in Namibië verteenwoordig.

Huidige leerders en oudleerders het die Arendnaam trots gestand gedoen. Nou wag almal in spanning vir die bekendmaking van die onderskeie SA-spanne in Julie.

Die hoogtepunt van die dag was die 540 kg-Damespan. Die Disa-span met drie oudleerders en een huidige leerder het die goue medalje verower. Hierdie is 'n span om dop te hou.

Mnr. Schalk van der Merwe, ons skool se hoofafrigter, het ook in verskeie spanne meegeding. Ons weet hy gaan beslis vanjaar groot spore in SA-toutrek trap.

Oudleerders wat deelgeneem het:

Rico Theart
Tara Kruger
Stephanie Sheppard
Dylan Fouché
Michael Fouché
Zounica vd Merwe
Elandré Kemp
Jamie Phillips

Huidige leerders wat deelgeneem het:

Melizza vd Merwe
Melissa de Witt
Nina Esterhuizen
Francois Uys
Blaize Bosch
Brendon van Rooyen
Marconette Els

Die volgende toutrekkers het medaljes gewen:

| | |
|---|---|
| Melizza van der Merwe: | Goud - 540 kg-Dames<br>Goud - 500 kg o.23-Dames<br>Silwer - 560 kg o.23 Gemengde span<br>Brons - 580 kg Gemengde span |
| Francois Uys: | Brons - 680 kg-Mans |
| Blaize Bosch: | Silwer - 560 kg o.23 Gemengde span |
| Marconette Els: | Brons - 560 kg Gemengde span |
| Brendon van Rooyen: | Silwer - 560 kg-Mans<br>Silwer - 640 kg-Mans |

DE JAGERS
Sedert 1955
Jou eenstop mode & skooldrag voorsiener.

# SKAAKMAT! - me. F. van Niekerk





Isabella Jaap (gr.10) en Duane Lombard (gr. 8) het gekwalifiseer om aan die WP-Provinsiale skaaktoernooi vir skole deel te neem. Hierdie toernooi vind van 6 - 8 Mei in Mosselbaai plaas.


# GHOLFNUUS - Christian de Jager (gr. 11)

Die amptelike gholfseisoen vir Hoërskool Strand het met hul eerste twee wedstryde teen Hoërskool Durbanville en Hoërskool Tygerberg afgeskop. Die weersomstandighede en baan was ideaal vir 'n potjie gholf. Die eerstespan het ook nie op hom laat wag nie en beide wedstryde met 'n telling van 4.5 – 1.5 beklink. Alhoewel dit 'n relatiewe jong span is, is die tekens reeds daar dat daar nie gebrek aan talent en dryfkrag is nie.

Van 7-10 Mei neem die eerste en tweede spanne aan die Kenako-gholftoernooi deel, waar hulle op van die land se beste bane (Kingswood, Oubaai en Mosselbaai) kragte gaan meet.



AGTER: LW Coetzee, Uwen Januarie, mnr. M. Pelser, Daniël Theron, Canzius Erwee en Christian de Jager.
VOOR: Cloete de Jager.


Dis nie altyd maklik om jou eie finansiële besluite te neem nie. Met 'n Sanlam finansiële beplanner is jy by iemand wat dieselfde dinge as jy wil hê. Ons geakkrediteerde adviseurs kan jou deskundige advies gee en jou help om 'n finansiële plan op te stel wat jou kan help om jou doelwitte te bereik, sodat jy met sekerheid kan lewe in die wete dat jy op koers is na 'n beter finansiële toekoms.

Ons kan jou behulpsaam wees met:

- Finansiële beplanning
- Aftrede
- Lewensversekering
- Korttermynversekering
- Beleggingsbeplanning
- Testamente en trusts

Skakel ons by **FinPrufe Wealth BlouSter** sodat ons kan gesels oor hoe ek jou kan help om finansiële sekerheid te verkry.


**Theunis Steyn**
Direkteur
021 880 6610


**George de Kock**
Direkteur
021 880 6609


**André Wethmar**
Finansiële Beplanner
083 766 6822


**Alto de Kock**
Finansiële Beplanner
082 215 6673


**Johan Krause**
Finansiële Beplanner
082 452 7036


**Christoff Steyn**
Finansiële Beplanner
072 658 1906


**André de Swardt**
Finansiële Beplanner
084 263 8266


**Hendrik Swart**
Korttermyn-versekering
082 463 4168


**Henriëtte Marais**
Korttermyn-versekering
071 388 9591

Sanlam
Lewe met sekerheid

Sanlam is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste.

## LANA DU PLOOY: UITBLINKER IN POTSPEL - me. A. Louw



Lana du Plooy in graad 11 het weer eens bewys dat sy potspel behoorlik onder die knie het. Sy is deur die Overberg Potspel Assosiasie gekies om vanaf 4-10 Junie aan die Suid-Afrikaanse Dameskampioenskap in Saldanha deel te neem – in die enkelspelkompetisie én ook as lid van die damespan.

Hoërskool Strand is baie trots op hierdie pragtige prestasie en wens haar net die beste toe vir die kampioenskap.

## MUURBALNUUS - me. H. Terblanche



Elana Hay, ons nommer een o.19-dogter, het die naweek van 8-10 April aan die SA Skole Kwalifiseringstoernooi in Johannesburg deelgeneem. Net die heel beste muurbalspelers landwyd word na hierdie gesogte toernooi uitgenooi. Elana het vyf wedstryde gespeel waarvan sy vier gewen het en die vyfde een net-net verloor het na 'n naelbyt-vyfstelwedstryd. Sy is na afloop van die kompetisie aangewys as die 17de beste o.19-dogter in Suid-Afrika.

Hoërskool Strand is baie trots op hierdie uiters vaardige jong speler.

Twee van Hoërskool Strand se muurbalspelers het ook aan die WP Junior Ope toernooi deelgeneem. Elana Hay het weer eens nie teleurgestel nie. Sy het vier baie moeilike wedstryde gespeel en al vier gewen. Sy beklee tans die nommer 1 posisie vir o.19-dogters - dieselfde posisie wat sy ook in die Boland beklee.



Kyle Hart, 'n o.16-speler wat vir ons o.19-seuns speel, het ook aan dieselfde toernooi deelgeneem. Kyle het die 19de plek uit 32 spelers ingeoes. Voorwaar 'n puik prestasie vir 'n o.16-speler. Hy beklee tans die 11de posisie vir o.16-seuns in die Boland.

Beslis twee spelers om met Arendsoë dop te hou.







# HOKKIENUUS

Die dogtershokkiespanne het op Woensdag, 13 April, tuis en weg teen die Hoër Meisieskool Bloemhof kragte gemeet. Die o.16A en o.19A-spanne het inisiatief aan die dag gelê en na 'n verbete stryd het Bloemhof beide spanne met 0-2 geklop.





Op 23 April het die hokkiespanne die stokke teen Hoërskool Tygerberg opgetel en danksy die vurige ondersteuning van ouers, ondersteuners en afrigters al hul wedstryde oortuigend gewen:

| | |
|---|---|
| Dogters o.19A | 2-0 |
| Seuns o.19A | 4-1 |
| Dogters o.19B | 1-0 |
| Dogters o.16A | 5-0 |
| Seuns o.16A | 3-0 |
| Dogters o.14 | 4-0 |
| Seuns o.14 A | 3-2 |
| Seuns o.14B | 3-0 |









Die busse het op Saterdag, 30 April, reeds vroegoggend met 'n geesdriftige klomp sportmanne en -vroue in die pad geval. 'n Taai hokkiestryd tussen Hoërskool Hermanus en die Arende het almal op hul tone gehou. Op hierdie dag kon net die junior spanne egter oorwinnings behaal.







Me. Leani van der Merwe, Hoërskool Strand se sportorganiseerder en hokkiester, het as lid van die WP A-Meesterspan aan die Nasionale Inter-provinsiale Toernooi (IPT) vir Meesters deelgeneem. Hulle het in die finale ronde teen die Southerns van Gauteng kragte gemeet, en met 'n sege van 5-0 die toernooi gewen. Me. Van der Merwe het twee doele in die finale ronde aangeteken.



Hoërskool Strand is met reg trots op hierdie merkwaardige hokkiespeler, afrigter én sportorganiseerder.





No stress, matric farewell dress.



Lovely dresses at unbeatable prices. Buy your dress between 3 May – 21 May and get a 10% discount.
Call/WhatsApp : Papillon dress hire at 082 326 1836

# NETBALNUUS

Op 23 April het die netbalspanne teen Hoërskool Tygerberg te staan gekom. Die Arende het gewys waartoe hulle in staat is. Kookwater netbal het gesorg vir 'n hele paar oorwinnings:

| | |
|---|---|
| 19C | 6-6 |
| 16C | 16-2 |
| 16B | 8-6 |
| 16A | 20-15 |
| 15C | 22-0 |
| 15B | 7-6 |
| 15A | 18-4 |






Op Saterdag, 30 April, het hulle teen Hoërskool Hermanus kragte gemeet. Aksiebelaaide spel teen hierdie gedugte teenstander was aan die orde van die dag.






# RUGBYSAKE

Op Woensdag, 13 April, het Hoërskool Strand se rugbyspanne die spelers van HHH behoorlik laat les opsê en 'n hele paar oortuigende oorwinnings behaal:

o.14A Strand 55-10 HHH
o.15A Strand 59-00 HHH
o.16A Strand 32-15 HHH
o.19B Strand 26-05 HHH
o.19A Strand 35-03 HHH


Op Saterdag, 23 April, het ons skool se rugbyspanne ook aan Hoërskool Tygerberg se sportdag deelgeneem. Weer eens het die Arende hul staal gewys. Die uitslae was as volg:

o.14A Strand 21-12 Tygerberg
o.14B Strand 50-00 Tygerberg
o.15A Strand 50-00 Tygerberg
o.15B Strand 12-00 Tygerberg
o.16A Strand 29-14 Tygerberg
o.16B Strand 44-10 Tygerberg
o.19C Strand 28-21 Tygerberg
o.19B Strand 14-12 Tygerberg
o.19A Strand 14-12 Tygerberg





Op 30 April het die rugbyspanne teen Hoërskool Hermanus te staan gekom. Taai spel het nie die Arende ondergekry nie en danksy die ondersteuning van ouers en afrigters het hulle hul man gestaan teen die opponente met 'n hele paar oorwinnings op die koop toe.



# RINGBAL (KORFBAL) - me. Loraine Verwey

Op 2 Mei het die Ringbalspelers onder leiding van me. Loraine Verwey aan die WP-proewe deelgeneem. 'n Hele paar huidige leerders asook oudleerders is in die onderskeie WP-spanne opgeneem. Hulle gaan van 3-9 Julie aan die SA-toernooi in Pretoria deelneem.






| | |
|---|---|
| Amber-Lee Smit (gr. 9) | - o.20 Dames |
| Johann van Deventer (gr. 11) | - o.20 Mans (onderkaptein) |
| Ju-né Venter (gr. 9) | - gaan as leenspeler deelneem |
| me. Loraine Verwey | - Meester Dames (kaptein) |

Oudleerders:

| | |
|---|---|
| Lohan Jacobs | - Senior mans (2010 matriek) |
| Jarred Verwey | - Senior mans (2018 matriek) |
| Corné Wessels | - Senior mans (2018 matriek) |
| Minke Barnard | - Senior dames (2017 matriek) |
| Marizelle Verwey | - Senior dames (2014 matriek) |
| Leané van Deventer | - o.20 Dames (2021 matriek) (onderkaptein) |
| Johané Steyn | - o.20 Dames (2021 matriek) |
| Nia Theron | - o.20 Dames (2021 matriek) |

Ons beste wense vergesel hulle.





Contact us for an obligation free quote today!

www.msctbee.com email: bbbee@msctbee.co.za

T +27 (0)21 852 5646
F +27 (0)86 600 4965